

# 7

## IS ONS OP STANDAARD?

### *Die wet van God in die erediens*

#### **GESINSLES**

#### **ALGEMENE DOELSTELLING**

Die ouers en kinders moet weet dat ons ons lewens meet aan God se wet.

#### **SPESIFIEKE DOELSTELLING**

##### **Kennis**

Die ouers en kinders moet weet –

- dat ons voortdurend ons lewens meet aan God se wet; en
- dat ons nie op standaard is nie.

##### **Gesindheid**

Die ouers en kinders moet besef dat ons gereeld sondig en dit moet regmaak.

##### **Vaardigheid**

Die kinders gaan Google oor die *tien gebooie*, en skryf interessantheide neer.

#### **MEER INLIGTING (Eksodus 20: 1-17; Matteus 22: 35-40)**

Dink net hoe dit sou wees as rugby of krieket geen reëls gehad het nie. Elke speler sou kon maak wat hy wou. In geen wedstryd sou daar 'n wenner kon wees nie. Almal sou die hele tyd vir mekaar kwaad gewees het. Dit sou nie lekker wees om daaraan deel te neem of te kyk nie. Dink ook hoe dit sou wees as ons nie 'n padreël gehad het wat sê dat ons aan die linkerkant van die pad moet ry, en dat ons by 'n rooi robot moet stop en wag vir groen nie. Daar sou baie ongelukke gewees het. Almal sou kon bestuur soos wat hulle wou, en dit sou een groot deurmekaarspul veroorsaak het.

Oral is daar reëls en wette waarvolgens ons moet leef. By die skool is daar reëls. By die huis is daar reëls. Ook die kerk het reëls. Hierdie reëls help dat alles by die skool, of by die huis, of in die kerk reg gebeur en dat daar ook nie 'n deurmekaarspul is nie. Al hierdie reëls help ook dat mense nie seerkry of te na gekom word nie.

Daar is nie net wette of reëls wat vir ons sê hoe ons die pad moet gebruik, aan sport moet deelneem, of hoe ons ons by die skool moet gedra nie. God gee ook vir ons wette en reëls oor hoe ons moet lewe. Hierdie wet kry ons in Eksodus 20. Die Israeliete wat uit Egipte uit getrek het na die beloofde land toe was baie – duisende. God wou hê dat daar orde moes wees in die manier hoe hulle met mekaar saamleef en hoe hulle teenoor mekaar optree. Daarom gee God vir Moses op die berg Sinai die tien gebooie. Dit is tien wette wat God gemaak het en wat die Israeliete moes gehoorsaam. As hulle hierdie tien wette gehoorsaam, sal hulle reg lewe en behoort daar nie moeilikheid te wees tussen hulle nie.

Jesus vat hierdie tien wette saam in net twee lewensbelangrike reëls in Matteus 22: 35-40. Dit is dat ons God en mekaar moet liefhê.

God se wet is vir ons die rigtingwyser van hoe ons behoort te leef. Wanneer 'n skip sonder 'n kompas op die see vaar, gaan die kaptein van die skip nie weet in watter rigting hy vaar en of hy op koers is om by sy bestemming uit te kom nie. God se wet is ons kompas om ons lewens op koers te hou. Dit waarsku ons dat die sonde ons heel van koers af gedwing het. Dit wys ons dat ons nooit by die regte bestemming – die ewige lewe – gaan uitkom nie.

Omdat ons mense is wat gewoonlik ongehoorsaam aan God is, is dit nodig dat ons die wet hoor wanneer ons in 'n erediens is. Daarom word die wet voorgelees tydens die erediens sodat ons dit kan hoor. Probeer in 'n donker kamer om 'n sin te skryf op 'n stuk papier. Jy gaan baie lelik skryf en 'n mens gaan nie sommer kan lees wat jy geskryf het nie. Skakel nou die lig aan en skryf dan weer jou naam. Dit is eers wanneer jy kan sien, dat jy jou naam so kan skryf dat dit netjies en leesbaar is. Jesus is die lig in ons lewe.

Ons vergeet soms dat ons ongehoorsaam is aan God en dat ons dinge doen wat verkeerd is in sy oë. As ons God se wet hoor, hoor ons wat ons behoort te doen en nie gedoen het nie. Ons kom agter dat ons sondig is. Daarom bely ons dadelik ons skuld en sê dat ons jammer is. As die ouderling dan die *genadeverkondiging* voorlees, is dit soos 'n lig wat aangeskakel word in ons donker lewens. Ons hoor dat Jesus ons al ons skuld vergewe het. Nou gaan ons met geloof en vertroue met die krag van die Heilige Gees uit dankbaarheid vrugte dra. Hierdie vrugte is om God en mekaar lief te hê – God se reëls, die tien gebooie. Die lig wat Jesus in ons lewe laat skyn, help ons om nou op *die regte koers* te bly. Alleen as ons gesien het wat ons verkeerd doen, kan ons met die krag van die Heilige Gees weet wat en hoe om te gaan regmaak.

Daarom word God se wet in die erediens voorgelees. Dit gee vir ons rigting in ons lewe. Dit verseker ons dat ons saam met die Heilige Gees uit dankbaarheid maak soos Jesus sou gemaak het. (Kyk na Les 3 se IETS OM TE DOEN vir die verskillende erediensdele.)

## **AANBIEDING**

### **JY HET NODIG**

- Die Bybel.
- 'n Flitslig.
- Een skoon A4-papier vir elke gesin.
- 'n Ouderling met wie gereël is om IETS OM TE DOEN aan te bied.
- 'n Ouer met wie gereël is om MEER INLIGTING en IETS INTERESSANT aan te bied.

## KOM ONS BEGIN

Laat een van die kinders open met gebed.

## HET HULLE ONTHOU?

- Laat die kinders hulle sonarfoto's vir mekaar wys.
- Laat 'n paar kinders vertel wat hulle vir hulle ouers gesê het hoekom hulle bly is dat God hulle voor hulle geboorte al geken het.

Vra die volgende vrae as *algemene kennis* vir die ouers. Laat die kinders *vermakerig* die ouers help met die regte antwoorde!

- Van wanneer af het God ons lief? *God het my liefgehad nog voordat ek gebore is.*
- Wie het ons eerste geken voor enige iemand anders? *God.*
- Van wanneer af ken God jou en behoort jy aan Hom? *Voordat ek gebore is, het God my al geken en het ek aan Hom behoort.*
- Wat stel jou gerus wanneer jy bang en bekommerd is? *Wanneer ek bang en bekommerd is, weet ek dat God nog steeds vir my omgee.*
- Hoekom kan ons nie vir God iets wegsteek nie? *God ken my beter as enige iemand anders. Ek kan selfs my vrese met Hom bespreek.*

## VANDAG LEER ONS

### BEGIN SO

As dit donker is, kan 'n mens niks sien nie. As jy in 'n donker huis loop, gaan jy in die meubels vasloop. Daarom skakel 'n mens die lig aan sodat jy kan sien waar jy loop. Wanneer jy in die aand wil lees, skakel jy 'n lig aan sodat jy kan sien wat jy lees.

Ons het 'n *lig* om in ons lewens aan te skakel sodat ons kan sien of ons lewe soos wat God van ons vra om te lewe. Hierdie *lig* is God se wet. Wanneer ons sy wet lees, **verlig dit ons lewens**, sodat ons kan sien waar ons verkeerd doen en dit dan regstel.

### IETS INTERESSANT

Laat 'n ouer met wie gereël is die gedeelte by MEER INLIGTING aanbied. Anders kan jy dit self doen.

### IETS BELANGRIK


Skerp die volgende hoofmomente in:

1. Enige huis het reëls wat bepaal wat in daardie huis toelaatbaar is.
2. Ons het padreëls wat keer dat ons ongelukke maak.
3. Ons het skoolreëls wat sorg vir dissipline.
4. Ons het die Here se reëls, die tien gebooie, wat ons leer hoe ons moet lewe.
5. Die tien gebooie kom in Eksodus 20 voor.
6. Die tien gebooie leer ons hoe om die Here en mekaar lief te hê.
7. Die Here se reëls hou sy kinders gelukkig.


8. Soos 'n kompas 'n mens waarsku as jy van koers af is, waarsku die Here se reëls ons dat ons van koers af is omdat ons ongehoorsaam is. Anders gaan ons nooit by ons bestemming – die ewige lewe – uitkom nie.
9. Jesus het in ons plek kom regmaak wat ons verkeerd gedoen het.
10. Ons moet nou met die krag van die Heilige Gees uit dankbaarheid die Here se reëls nakom.

### IETS OM TE DOEN

- Maak dit donker in die vertrek en verbind die kolle hieronder aan mekaar. As dit nie moontlik is om die vertrek donker te maak nie, vra die kinders om hulle oë toe te maak.



- Skakel die flitslig aan en skyn dit om die beurt op elke kind se boek, en laat hulle dan die kolle met mekaar verbind.



Maak dit weer lig in die vertrek. Vergelyk nou die twee stelle kolle met mekaar. Kyk of die eerste stel kolle met mekaar verbind kon word in die donker en hoe die verbinding lyk. Kyk dan hoe die tweede stel kolle met mekaar verbind is toe die flitslig daarop geskyn het.

- Gee die ouderling met wie gereël is geleentheid om met die kinders te praat oor die werk in die klas wat hulle gedoen het na aanleiding van die volgende punte:
  1. Met die koms van die Heilige Gees is mense toegerus om vir God 'n kerk op aarde te wees.
  2. Wanneer ons sonder die lig van God se wet in die donker probeer leef, gaan ons lewe ook krom en skeef wees. Dit wys die eerste stel kolle vir ons nadat ons probeer het om dit in die donker te verbind.
  3. Wanneer die lig van God se wet oor ons lewens skyn, weet ons wat reg is en wat verkeerd is. Dit wys die tweede stel kolle vir ons nadat ons dit met die flitslig verbind het.
  4. Soos wat die flitslig ons gehelp het om die verskillende kolle te kan sien en dit met reguit lyne te verbind, so help God se wet ons om dinge in ons lewe reg te doen.
  5. Omdat ons nog sondaars is, doen ons baie dinge verkeerd.
  6. Wanneer ons die wet in die erediens voorlees, herinner die wet ons aan alles wat ons verkeerd gedoen het.
  7. Daarom bely ons ons skuld saam met die ouderling wat voorlees.
  8. As ons skuld bely, belowe God dat Hy ons vergewe.

9. Uit dankbaarheid gaan ons nou na die beste van ons vermoë probeer om al God se reëls na te kom.
- Laat die ouers en kinders saam uit Eksodus 20 die tien gebooie gebruik en aan die hand daarvan minstens vyf huisreëls vaslê. Laat enkele gesin hulle reëls voorlees.

## BY DIE HUIS

### DOEN

Laat die ouers leiding gaan neem en saam met hulle kinders hierdie week elke dag wanneer hulle huisgodsdienst hou, om die beurt Eksodus 20: 1-17 en Matteus 22: 35-40 lees saam met die ander gedeelte wat hulle uit die Bybel lees.

Hulle moet die volgende onthou:

- Met die tien gebooie gee God vir ons 'n lig om te sien wat reg is en wat verkeerd is.
- Tegelykertyd herinner dit ons aan alles wat ons verkeerd gedoen het.

### LEER

- God se wet is die kompas om ons te help om in die regte rigting te lewe, sodat ons by ons bestemming kan uitkom.
- God se wet is ook die lig wat op ons lewens skyn, sodat ons kan sien waar ons ongehoorsaam is en verkeerd doen.
- Sonder God se wet gaan ons **verkeerde dinge doen**, sonder dat ons dit eens agterkom.
- Dit is nodig dat ons ons lewens voortdurend sal meet aan God se wet.
- Daarom lees ons elke Sondag die Here se wet in die erediens.

### AFSLUITING

Laat die ouderling met die volgende woorde afsluit:

Ouers, kinders, God se wet eis liefde van ons. Hoor hoe som Jesus die wet vir ons op in Matteus 22 vers 35 tot 40:

<sup>35</sup>en een van hulle, 'n wetgeleerde, het Hom met 'n vraag probeer vastrek. <sup>36</sup>“Meneer,” vra hy, “wat is die grootste gebod in die wet?”

<sup>37</sup>Jesus antwoord hom: “Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel’ en met jou hele verstand. <sup>38</sup>Dit is die grootste en die eerste gebod. <sup>39</sup>En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: ‘Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.’ <sup>40</sup>In hierdie twee gebooie is die hele wet en die profete saamgevat.”

Kom ons bid saam: *Vader in die hemel, help ons asseblief om U lief te hê bo alles en almal, en ons naaste soos onself. Amen.*